Bybel vir Kinders

bied aan

Die Wyse Koning Salomo

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Lazarus
Aangepas deur: Ruth Klassen
Vertaal deur: Taschja Hattingh
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2012 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Koning David wat 'n groot man van God. Gedurende sy regering oor Israel het hulle 10 keer GROOTER geword as in Saul se tyd. Maar nou het David oud, moeg en siek geword en konnie langer oor Israel heers nie.



Een van David se baie seuns – Adonijah het mense van Israel vertel dat HY koning gaan word. Al het sy naam beteken "My Here is God" was hy nie 'n baie eerlike man nie. Hy wou die koningskap steel al het hy geweet David was te swak om homself te verdedig. Maar God het ander planne gehad….

David se vrou Batseba
het geweet haar seun
Salomo sou koning word.
Sy het David vertel wat
Adonijah gedoen het en
David – so swak soos
hy was het sy leiers
bymekaar geroep en vir
Salomo in die publiek
gekroon as Koning.



Salomo het nie meer probleme met Adonijah gehad nie, want die volk Israel het David geglo toe hy gese het God het Salomo gekies om hom op te volg as koning. Kort daarna is David oorlede.

Kort voor David oorlede is het hy vir Salomo vertel dat hy - God moet gehoorsaam wees, die wet onderhou sodat hy voorspoedig kan wees in alles wat hy doen. Salomo het toe sy plek op die troon ingeneem. David se koningkryk was op vaste fondamente gebou….

Een aand het Salomo 'n droom gehad… In die droom het God aan hom verskyn en gese: Vra en ek sal jou gee net wat jy wil he! Wat sou jy gevra het?

Salomo het gedink en gedink en toe se hy: "Ek wil graag wysheid he." God was baie tevrede met wat hy gevra het. En omdat hy nie rykdom en oorwinnings gevra het nie, het God dit ook aan hom gegee.



Dit het die mense nie lank geneem om uit te vind dat Salomo 'n baie slim koning was nie. Eendag het twee mamma's na hom gekom met een baba. Hierdie vrou se baba is in die nag dood en toe ruil sy my baba om met hare. Nee! Hierdie seuntjie IS myne, en joune is dood! Het die ander vrou gese. Hoe sou Salomo weet wie die regte ma is????

Die slim koning se toe: Bring vir my 'n swaard! Hulle bring toe vir hom 'n swaard... Wat dink julle wou die koning doen met die swaard?



Die koning se toe: Sny die kind in twee en gee vir elke mamma 'n helfte! Die regte mamma se: O, koning gee asb die baba liewer vir die ander mamma, want ek wil nie he dat my kind doodgemaak moet word nie!



Maar die ander mamma het gese: Sny hom maar dan is hy nie myne of hare nie!

So het die koning dan geweet en gese: Gee die eerste mamma die baba. Want sy is regtig sy mamma! Die hele Israel het hiervan te hore gekom en het groot respek vir hulle koning gekry. Hulle kon sien die Here het die koning baie slim gemaak.

Die mense van Israel het nie 'n tempel gehad waarin hulle die Here kon aanbid nie. Toe David dit lank terug wou doen het die Here gese dat sy seun dit sal doen tot eer van die Here!



So het Salomo dan 'n wonderlike tempel in Jerusalem begin bou…

Dit het sewe lang jare geneem om die tempel te bou. Maar uiteindelik het die dag aangebreek waarop Salomo die volk bymekaar geroep het en die tempel in die Naam van die Here geopen.



Nadat hy gebid het en die volk geseen het, het hulle duisende offers gebring na die tempel en vir twee weke lank fees gevier.



Na dit alles het God weer aan Salomo verskyn en hom belowe dat Hy vir Salomo en die volk Israel sal seen solank hulle aan God gehoorsaam bly.

Ongelukkig het Salomo en die volk nie altyd gehoorsaam gebly aan die Here nie. Die koning het baie vrouens getrou wat die Here nie wou he nie, want hulle was heidene. Hulle het nogsteeds hulle afgode gedien en Salomo het hulle toegelaat om dit te doen! Hy het nie soos sy pa David vir die Here geluister nie.

Terwyl Salomo ongehoorsaam was aan God het een van sy offisiere – Jerobiam 'n snaakse ervaring gehad. 'n Profeet het aan hom vertel dat God Salomo se koningkryk gaan verdeel en dat Jerobiam oor 10 van die 12 stamme sal heers. Jerobiam het vinnig gevlug na 'n ander land omdat hy geweet het as die koning hiervan hoor

sal hy beslis dood gemaak word!



Op die einde is Salomo dood en het sy seun Rehobiam die mense baie belasting laat betaal! Selfs meer as wat sy pa gedoen het! 10 Van die stamme van Israel het in opstand gekom en vir Jerobiam as hulle leier gekies. Salomo se groot koningkryk was toe verdeel in twee, net soos God vir die profeet gese het. God kannie ongehoorsaamheid seen nie!

Die Wyse Koning Salomo

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

I Konings 1 - 12

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16